NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT-EKSAMEN
MEI 2021

REKENINGKUNDE: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur 100 punte

INLIGTINGSBOEKIE

IEB Copyright © 2021

VRAAG 1 BEGROTINGS (30 punte; 36 minute)

Edwin besit 'n restaurant, Bon Appetit (Edms) Bpk. Hy is die enigste aandeelhouer, maar hy dink daaraan om sy onderneming te verkoop, aangesien hy genoeg gehad het van die bedryf daarvan. Bon Appetit (Edms) Bpk word op die oomblik teen ongeveer 60%-kapasiteit bedryf.

Die prys van kos word met 40% op die kosprys verhoog en dié van drank met 80%.

Geprojekteerde Inkomstestaat vir Mei 2021

	Begrote syfers	Werklike syfers
Verkope	398 400	364 874
Kos	268 800	242 564
Drank	129 600	122 310
Koste van verkope	(264 000)	(241 210)
Kos	192 000	173 260
Drank	72 000	67 950
Bruto wins	134 400	123 664
Bedryfsuitgawes	(272 927)	(241 557)
Salarisse	50 000	50 000
Lone	21 917	21 917
Bemarking	32 000	2 000
Huuruitgawe	63 500	63 500
Waardevermindering	39 400	39 400
Administrasie	12 350	11 540
Kosverkwisting	53 760	53 200
Bedryfsverlies	(138 527)	(117 893)
Rente op vaste deposito	1 900	1 900
Verlies voor rente-uitgawe	(136 627)	(115 993)
Rente-uitgawe	(15 520)	(15 520)
Verlies voor belasting	(152 147)	(131 513)
Inkomstebelasting	0	0
Netto wins (verlies) vir Mei	(152 147)	(131 513)

Lys van bedrae uit die Proefbalans op 31 Mei 2021

Niebedryfsbates	
• Gebouverbeterings	R2 400 000
• Kombuistoerusting	808 000
• Tafels, meubels en eetgerei	1 200 000
• Reklameborde	320 000
Bedryfsbates	
• Voorraad	R70 000
• Debiteure	59 760
• Kontant en kontantekwivalente	298 695
Totale bates	R5 156 455
Ekwiteit	R2 510 000

IEB Copyright © 2021

Bykomende inligting

- Alle kos en drank word op krediet gekoop en in die maand na die aankope betaal om van ’n 5%-korting gebruik te maak.

- ’n Vaste voorraadpeil van R70 000 word gehandhaaf. Kosverkwisting word geraam op ongeveer 20% van die **bedrag van kosverkope**.

- Bon Appetit (Edms) Bpk is saans oop vir gereelde kontantklante. Hierbenewens hou hulle soms sakefunksies gedurende die dag. Hierdie funksies maak ’n kwart van Bon Appetit (Edms) Bpk se verkope uit en is op krediet, met die kliënte wat 40% in die maand van die funksie betaal en die res in die maand wat op die funksie volg.

- Edwin verwag dat die verkope in Junie met 10% sal daal.

- Die vaste deposito verval op 14 Junie. Die vaste deposito verdien enkelvoudige rente van 6% p.j. en sal op 14 Junie vir twee jaar belê gewees het. Die vaste deposito plus die rente vir albei jare sal op 14 Junie in Bon Appetit (Edms) Bpk se bankrekening inbetaal word.

- Die lone vir die kelners is bereken op die ure wat nodig was vir die 31 dae wat hulle in Mei sou werk. Junie se lone moet op 30 dae bereken word.

- Huur sal op 1 Julie met 7% verhoog word. Huur word op die 25ste van elke maand vir die volgende maand betaal.

- Ingesluit in die administratiewe uitgawes is die vaste koste van die salaris vir die boekhouer van R7 900 sowel as die maandelikse telefoonrekening van R1 450. Die res van die koste bestaan uit skryfbehoeftes en ander verbruiksgoedere benodig. Die boekhouer het nog skryfbehoeftes van R700 vir Mei wat in Junie gebruik sal word, dus hoef geen ekstra skryfbehoeftes of verbruiksgoedere in Junie gekoop te word nie.

- Edwin beplan om in Junie kos ter waarde van R7 000 sowel as R5 000 kontant aan ’n kinderhuis te skenk.

- Rente op ’n lening van R9 300 word gekapitaliseer en word ingesluit in die leningterugbetaling in die kontantbegroting.

- Die bankstaat vir Mei toon ’n debietinskrywing vir rente van R6 220. Edwin hoop om hierdie bedrag in Junie te halveer. Soos die meeste ondernemingsbankrekeninge verdien Bon Appetit (Edms) Bpk se rekening nie rente op ’n positiewe banksaldo nie.

IEB Copyright © 2021

VRAAG 2 MAATSKAPPY-ONTLEDING (45 punte; 54 minute)

STADIO Holdings is 'n beleggingsbeheermaatskappy wat op belegging in hoëronderwys-instellings fokus. Die groep het drie instellings gehad toe dit in 2017 genoteer is, maar besit tans ses geregistreerde instellings en het grond in Centurion gekoop vir 'n totaal van R110 miljoen. Konstruksie op die terrein het in November 2019 begin en die groep beoog om sy eerste multifakulteitfasiliteit, STADIO Campus, in Januarie 2021 te open. Handelsmerke binne die STADIO-groep sluit die filmskool AFDA, Embury, mode-instelling LISOF, Southern Business School, Prestige Academy en Milpark Education in.

Aangepas uit die **Gekonsolideerde Staat van Omvattende Inkomste** op 31 Desember

	Aantekeninge	**2019 R'000**	**2018 R'000**
Inkomste	1	815 427	632 928
Ander inkomste		8 054	8 981
Bedryfsuitgawes		(643 167)	(513 097)
Reklame en bemarking		24 605	18 178
Akademiese koste		50 259	53 831
Eiendomskoste		43 018	35 128
Huuruitgawe		3 962	33 052
Personeelkoste		383 838	288 860
Ouditeursvergoeding		4 535	3 887
Ander		132 950	80 161
Verdienste voor rente, belasting en waardevermindering		180 314	128 812
Waardevermindering		(60 890)	(33 995)
Verdienste voor rente en belasting		119 424	94 817
Beleggingsinkomste		28 047	25 264
Finansieringskoste		(19 926)	(6 719)
Wins voor belasting		127 545	113 362
Belasting		(43 861)	(36 071)
Wins vir die jaar		83 684	77 291

Aantekening 1: Inkomste

	2019 R'000	**2018 R'000**
Inkomste uit kontrakte met kliënte oor tyd	**807 889**	620 732
Registrasie- en onderriggelde	827 694	627 779
Kortings en beurse toegestaan	(29 267)	(15 044)
Ander akademiese inkomste	6 227	5 412
Koshuisinkomste	3 235	2 585
Inkomste uit verkope van goedere	**7 538**	12 196
Studiemateriaalverkope	6 316	11 159
Kafeteriaverkope	1 222	1 037
Inkomste	815 427	632 928

IEB Copyright © 2021

Uittreksel uit die **Gekonsolideerde Staat van Finansiële Posisie** soos op 31 Desember

BATES	**2019 R'000**	**2018 R'000**
Niebedryfsbates	1 844 544	1 536 739
Bedryfsbates	222 115	367 507
Voorraad	2 132	4 372
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	126 547	103 627
Kontant en kontantekwivalente	93 436	259 508
Totale bates	2 066 659	1 904 246
EKWITEIT EN LASTE		
Ekwiteit	1 583 298	1 697 102
Aandelekapitaal	1 565 675	1 564 283
Behoue inkomste	17 623	132 819
Niebedryfslaste	291 863	69 109
Bedryfslaste	191 498	138 035
Huurlaste*	32 309	186
Handels- en ander betaalbare bedrae	69 403	51 398
Vooruitontvange gelde	89 786	86 451
Totale ekwiteit en laste	2 066 659	1 904 246

*Huurlaste: die gedeelte van die huur wat die onderneming in die toekoms skuld volgens die kontrak wat onderteken is.


Uittreksels uit die direkteursverslag

A ’n Spesiale besluit is gedurende die jaar geneem dat die maatskappy sy eie aandele sal terugkoop op voorwaardes wat die direkteure sal bepaal.

B Die direkteure is van mening dat die groep voldoende finansiële hulpbronne het om in die afsienbare toekoms in bedryf te bly.

C Die groep het ’n wentelkredietfasiliteit vir ’n bedrag van R200 miljoen by Standard Bank verkry om die groep se kapitaaluitbreiding en groeidoelwitte te bevorder. Op 31 Desember 2019 het die groep R65 miljoen van hierdie fasiliteit onttrek.

Grafiek van STADIO Holdings se aandele-prys sedert notering op 3 Oktober 2017



	2019	**2018**
Netto batewaarde	?	202 sent
Getal uitgereikte aandele	818 095 000	
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	4,46%	4,38%
Gemiddelde rentekoers op die lenings	9% p.j.	9% p.j.
Vuurproefverhouding	1,15 : 1	2,63 : 1
Bedryfsverhouding	1,16 : 1	2,66 : 1
Debiteure-invorderingstydperk	52 dae	52 dae

IEB Copyright © 2021

VRAAG 3 VERSOENINGS (25 punte; 30 minute)

Ndeme besit en bedryf ’n ysterwarewinkel genaamd The Tool Shed. Hy laat bouers en ander kontrakteurs toe om op rekening te koop. The Tool Shed se jaareinde is 28 Februarie.

Inligting om Vraag 3.1 te beantwoord

Ndeme het alle inligting rakende debiteure deurgegaan om uit te vind waarom die debiteurekontrolesaldo nie dieselfde is as die totaal van die debiteurelys nie. Hy het die volgende ontdek:

1. Faktuur 209 vir R4 270 uitgemaak aan Pete Parker is in die rekening van Pete Powel ingeskryf.

2. Die debiteure-afslagkolom in die Debiteure-afslagjoernaal is verkeerd opgetel as R21 790. Die korrekte bedrag is R24 790.

3. ’n Faktuur uitgemaak aan Build Business is verkeerd in die Debiteurejoernaal opgeteken as R16 840. Die faktuur was vir R16 480.

4. Rente van R270 moes by Ann Mugg se rekening bygetel word. Die boekhouer het vergeet om dit te doen en het geen inskrywings hiervoor gemaak nie.

5. Fix It Bpk het R4 950 betaal nadat hulle ’n 10%-korting ontvang het. Hierdie transaksie is korrek in die Kontantontvangstejoernaal opgeteken, maar die boekhouer het vergeet om die korting na hul rekening te pos.

6. Handy Hire is in Desember 2020 as ’n oninbare skuld afgeskryf. Op 25 Februarie 2021 het The Tool Shed R8 300 van Handy Hire ontvang om van die skuld af te betaal. Dit is in die debiteurekontrolekolom in die Kontantontvangstejoernaal ingeskryf. Dit is slegs na die Algemene Grootboek gepos.

IEB Copyright © 2021

Inligting om Vraag 3.2 te beantwoord

The Tool Shed het die volgende rekeningstaat na 'n debiteur, Plaster Master, gestuur:

THE TOOL SHED Staatno.: 101

Aan: Plaster Master

Datum: 28 Februarie 2021

Datum		Transaksies	Debiet	Krediet	Saldo
2020					
Nov	1	Saldo			15 700
	10	Faktuur 163	16 680		32 380
Des	2	Faktuur 181	12 560		44 940
	3	Kredietnota 44		1 230	43 710
2021					
Jan	4	Faktuur 199	9 780		53 490
	5	EFO		9 291	44 199
		Korting		489	43 710
	31	Rente	118		43 828
Feb	19	Faktuur 205	15 620		59 448
	28	Rente	452		59 900

Bepalings:

- 5%-korting toegestaan indien binne 30 dae na staatdatum betaal.
- Skuld moet binne 60 dae na staatdatum betaal word.
- Rente word gehef teen 2% per maand op saldo's wat 90 dae agterstallig is.

Ouderdoms-ontleding:

90 dae	60 dae	30 dae	Huidig
??	??	??	??

IEB Copyright © 2021